# HOËRSKOOL KNYSNA

# PROSPEKTUS

**HOËRSKOOL KNYSNA**

LANGSTRAAT 20 / POSBUS 437
KNYSNA
6570

| | |
|---|---|
| **TELEFOON:** | (044) 3822137 |
| **FAKS:** | (044) 3820558 |
| **E-POS:** | admin@knysnahigh.co.za |


**SKOOLHOOF:**

Mnr. I.J.M. Lourens

**ADJUNKHOOF:**

Mev. P.J. Eustice

**SEKRETARESSES:**

Me. a. Olivier/Mev. A. Victor/Mev. S. Edwards (Algemeen)
Mev. L. van Senus / Mev. L. Vokes (Finansies)

**OPSIGTER:**

Mnr. C. Bashford

**VOLHARD KOSHUIS:**

**TELEFOON:** (044) 3821327

# INHOUDSOPGAWE


| ONDERWERP | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Brief van skoolhoof | 2 |
| 2. | Visie, Missie en Waardes | 3 |
| 3. | Geskiedenis van skool | 3 |
| 4. | Inskrywing | 4/5 |
| 5. | Finansies | 5 |
| 6. | Bywoning | 5 |
| 7. | Koshuis | 5 |
| 8. | Gedragskode | 5 |
| 9. | Vakkeuse Gr 8 – 9 | 5 |
| | Vakkeuse Gr 10 – 12 | 6 |
| 10. | Buitemuurse bedrywighede | 7 |
| 10.1 | Verenigings en klubs | 7 |
| 10.2 | Sportsoorte | 7 |
| 11. | Skooldrag | 7/9 |
| 12. | Verdere inligting | 9 |
| 13. | Skoollied | 9 |

# 1. BRIEF VAN SKOOLHOOF

Geagte voornemende ouer

Die personeel en leerders van Hoërskool Knysna heet u en u kinders by voorbaat hartlik welkom en wens u ‘n gelukkige verbintenis met die skool toe.

Hoërskool Knysna wat geleë is in een van die skilderagtigste dele van ons land, bied ‘n tuiste aan beide Afrikaans- en Engelssprekende leerders. In graad 8 en 9 word leerders in of die Engelse of die Afrikaanse klas geplaas. In graad 10 - 12 word beide Engels en Afrikaanse leerders saamgeplaas in `n klas. Onderrig geskied in sodanige gevalle afwisselend in Afrikaans en Engels.

Ons skool streef daarna om ‘n omvattende, gebalanseerde opvoedingsprogram daar te stel sodat elke leerder die volle geleentheid sal hê om hom/haar uit te leef. Vir die verstandelike en fisiese vorming van ons kinders, word ‘n wye vakkeuse en ‘n groot verskeidenheid sportsoorte aangebied. Heelwat voorsiening word ook vir kulturele aktiwiteite en godsdienstige betrokkenheid gemaak. Die skool is gelukkig om oor ten volle opgeleide opvoeders te beskik wat uitstekende uitslae behaal. Die skool se fasiliteite is meer as voldoende om voorsiening te maak vir die uitgebreide buitemuurse program.

Ons skool glo in die handhawing van dissipline en die aankweek van gesonde lewensgewoontes. ‘n Hoë premie word geplaas op die gedrag van leerders binne en buite die skool. Wat van elke kind verwag word, word saamgevat in die gedragskode en van elke nuweling word vereis om nadat hy/sy ingeskryf is, hierdie gedragskode te ken en te gehoorsaam.

Aangesien Hoërskool Knysna daaraan gewoond is om dikwels leerders van ander skole - ook uit ander provinsies - te ontvang, voel nuwelinge betreklik gou tuis en word maklik deel van die skool. Leerders wat hulle met die tradisies, ideale en verwagtinge van die skool identifiseer, is derhalwe baie welkom om deel te word van ons gelukkige skoolgemeenskap.

U as ouer word vriendelik uitgenooi om deel te word van ons skool en in te skakel by die werksaamhede van die ouers onder leiding van die beheerliggaam.

Vir meer inligting kan u die skool kontak. U is welkom om ‘n afspraak met die skoolhoof te maak. Ons ontmoet u graag.

Die uwe

IJM LOURENS
SKOOLHOOF

## 2. VISIE, MISSIE EN WAARDES

**VISIE:** Om ons leerders op te voed en te vorm om die toekomstige leiers van Suid-afrika te word.

**MISSIE:** Om elke leerder te koester en te lei, om hom/haar die geleentheid te bied om sy/haar volle potensiaal te bereik in `n professionele en veilige omgewing waarop hy/sy trots sal wees. Om diversiteit te koester en om by te dra tot die ontwikkeling van `n geode-gebalanseerde individu met selfvertroue, `n toekomsvisie en `n geloof in hom/haarself en die wêreld om haar/haar.

**WAARDES:**

1. **Respek**
2. **Integriteit**
3. **Trots**
4. **Vertroue**
5. **Lojaliteit**
6. **Omgee**

## 3. GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL

Hoërskool Knysna se geskiedenis reik terug na die vorige eeu toe dit as Knysna Public School bekend gestaan het en slegs as laerskool gefunksioneer het. Die ou skoolgebou (op die huidige terrein) is op 16 Oktober 1916 in gebruik geneem en op 1 Januarie 1929 het die skool hoërskoolstatus verkry. Die amptelike opening van Hoërskool Knysna het op 28 Januarie 1929 plaasgevind. Verskeie uitbreidings aan die skoolgeboue is sedertdien aangebring en die huidige gebou, wat om die ou gebou opgerig is, is teen die einde van 1968 betrek.

Tans kan die skool spog met ‘n moderne gebouekompleks wat al die noodsaaklike, goedtoegeruste lokale besit. Dit sluit in goed toegeruste laboratoriums, `n verbruikerstudiekamer, skoolsaal en die twee nuwe rekenaarsentrums.

Die aanvanklike onderrigtaal was Engels. Vanaf 1936 is Afrikaans geleidelik as tweede onderrigtaal ingefaseer en eers in die vroeë veertigerjare het dubbelmedium-onderrig volwaardig tot sy reg gekom.

Die skool se kleurryke geskiedenis kan gevolg word vanaf die dae toe dit hoofsaaklik die Engelssprekende dorpskinders bedien het. Later, met die toevoeging van koshuise, het ook plaaskinders van die distrik en kinders van boswerkers hier onderrig ontvang. Deesdae kan ons skool beskou word as ‘n tipiese dorpskool in ‘n vinnig ontwikkelende streek.

## 4. INSKRYWING

4.1 Die skool het in sy wese ‘n Christelike karakter en ouers moet hulself van die implikasies hiervan vergewis.

4.2 Alle onderrig in hierdie skool geskied deur medium van Afrikaans en Engels.

4.3 Bewys van ouderdom moet by toelating gelewer word. Leerders word slegs tot ‘n bepaalde graad toegelaat indien hulle ouderdom op die datum van toelating met nie meer as twee jaar verskil van die normaal-aanvaarbare ouderdom vir daardie graad nie.

Die normaal-aanvaarbare ouderdom vir elke graad is:

| | | |
|---|---|---|
| Graad 8 | : | 14 jaar |
| Graad 9 | : | 15 jaar |
| Graad 10 | : | 16 jaar |
| Graad 11 | : | 17 jaar |
| Graad 12 | : | 18 jaar |

4.4 ‘n Bewys van ‘n vorige skoolrekord, portefeuljes van elke vak en ‘n oorplasingsertifikaat moet voorsien word; sowel as die rede(s) vir die oorplasing. Indien die ouers versuim om enige noodsaaklike inligting in hierdie verband te verskaf, behou die beheerliggaam die reg om sy besluit oor toelating te wysig.

4.5 Toelating moet in oorstemming wees met die vakkeuse soos uiteengesit in die skool se prospektus.

4.6 Leerders sal slegs toegelaat word tot die skool indien die skoolhoof in samewerking met die beheerliggaam, oortuig is dat sodanige leerder(s) baat kan vind deur toelating tot die Hoërskool Knysna.

4.7 ‘n Leerder kan alleen tot ‘n bepaalde graad/klas toegelaat word indien die getal leerders in die graad/vakgroep nog nie die voorgeskrewe of wenslike getal oorskry nie en dit binne redelike beskikbare fisiese geriewe kan geskied.

4.8 Ouers en leerders moet hulle vereenselwig met die kultuur, tradisies, gebruike, konvensies en etiese waardes van Hoërskool Knysna en dit eerbiedig.

4.9 Slegs openbare vakansiedae, soos deur wetgewing bepaal, sal erken word. Toelating geskied op die grondslag dat leerders op geen ander dae afwesig mag wees nie, behalwe vir redes wat deur die beheerliggaam as geldige redes aanvaar mag word.

4.10 **Leerders sal slegs vir toelating oorweeg word nadat die ouers ‘n onderneming onderteken het om:**

I) Die gedragskode en toelatingsbeleid van die skool te aanvaar en toe te sien dat hulle kinders hul daaraan onderwerp.

II) Maandeliks/kwartaalliks/jaarliks die skoolgeld, soos deur die beheerliggaam bepaal, te vereffen, tensy anders gereël en ooreengekom met die skoolhoof en bekragtig deur die beheerliggaam.

4.11 **Skoolkoshuis**

I) Slegs leerders van die Hoërskool- en Laerskool Knysna sal tot die skoolkoshuis toegelaat word.

4.12 **Algemeen**

Ouers is self verantwoordelik vir die aankoop van skryfboeke soos jaarliks deur die skool bepaal.

## 5. FINANSIES

Die volgende gelde is betaalbaar:

Skoolgeld
Koshuisgeld (indien van toepassing)

Aangesien hierdie gelde jaarliks aangepas word, is die bedrae slegs op aanvraag by die hoof beskikbaar.

## 6. BYWONING

Die bywoning van die leerders word daagliks gekontroleer. Geen afsprake mag tydens skooltyd gemaak word nie. As ‘n leerder afwesig was, moet die ouer ‘n brief aan die skool skryf. Indien ‘n leerder tydens die eksamen afwesig is, word ‘n mediese sertifikaat vereis.

## 7. KOSHUIS

Huis Volhard huisves seuns sowel as dogters.

## 8. GEDRAGSKODE

Voornemende ouers word versoek om die gedragskode deeglik te bestudeer voor die aanvang van die skooljaar.

## 9. VAKKEUSE

**SENIOR FASE - GRAAD 8/9**

**Verpligte leerareas:**

1. Tale
2. Wiskunde
3. Sosiale Wetenskappe
4. Ekonomiese Wetenskappe
5. Lewensoriëntering
6. Kreatiewe Kunste
7. Natuurwetenskappe
8. Tegnologie

## VERDERE ONDERWYS EN ONDERRIG :VOO (GRAAD 10)

| | |
|---|---|
| **VERPLIGTEND – TWEE TALE** | Afrikaans/English HUISTAAL<br>Afrikaans/English Eerste Addisionele TAAL |
| **VERPLIGTEND** | Lewensoriëntering (verpligtend) / |
| **KIES EEN** | Wiskunde<br>Wiskunde geletterdheid |
| **KIES EEN VAK UIT ELKE GROEP** | |
| **GROEP 1** | Rekeningkunde<br>Verbruikerstudies<br>Visuele kunste<br>Geografie |
| **GROEP 2** | Lewenswetenskappe<br>Geskiedenis<br>Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) |
| **GROEP 3** | Fisiese Wetenskappe<br>Lewenswetenskappe<br>Besigheidstudies |

## VERDERE ONDERWYS EN ONDERRIG: VOO (GRAAD 11)

| | |
|---|---|
| **VERPLIGTEND – TWEE TALE** | Afrikaans/English HUISTAAL<br>Afrikaans/English Eerste Addisionele TAAL |
| **VERPLIGTEND** | Lewensoriëntering (verpligtend) / |
| **KIES EEN** | Wiskunde<br>Wiskunde geletterdheid |
| **KIES EEN VAK UIT ELKE GROEP** | |
| **GROEP 1** | Rekeningkunde<br>Verbruikerstudies<br>Visuele kunste<br>Geografie |
| **GROEP 2** | Lewenswetenskappe<br>Geskiedenis<br>Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) |
| **GROEP 3** | Fisiese Wetenskappe<br>Lewenswetenskappe<br>Besigheidstudies |
| **OPSIONEEL – 8 STE VAK** | Inligtingstegnologie<br>– (IT) as 8 ste vak (opsioneel) |

## VERDERE ONDERWYS EN ONDERRIG: VOO (GRAAD 12)

| | |
|---|---|
| **VERPLIGTEND – TWEE TALE** | Afrikaans/English HUISTAAL<br>Afrikaans/English Eerste Addisionele TAAL |
| **VERPLIGTEND** | Lewensoriëntering (verpligtend) / |
| **KIES EEN** | Wiskunde<br>Wiskunde geletterdheid |
| **KIES EEN VAK UIT ELKE GROEP** | |
| **GROEP 1** | Rekeningkunde<br>Verbruikerstudies<br>Visuele kunste<br>Geografie |
| **GROEP 2** | Lewenswetenskappe<br>Besigheidstudies<br>Geskiedenis<br>Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) |
| **GROEP 3** | Fisiese Wetenskappe<br>Lewenswetenskappe<br>Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)<br>Besigheidstudies |
| **OPSIONEEL – 8 STE VAK** | Inligtingstegnologie<br>– (IT) as 8 ste vak (opsioneel) |

## 10. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

10.1 Verenigings en Klubs
CIA, Debat en -Redenaars, koor, skoolkoerant, interact, skaak.

10.2 Sportsoorte
Atletiek, tennis, swem, hokkie (beide seuns en dogters), muurbal, rugby, krieket, sokker (seuns en dogters), netbal en Tweekamp.

Deelname is in belang van die kind. Leerders behoort aan een somer- en een wintersport deel te neem en by 'n vereniging of klub aan te sluit.

## 11. SKOOLDRAG (SIEN GEDRAGSKODE (14.1)

Amptelike skool- en sportdrag is verkrygbaar by Norsemans, Hoofstraat, Knysna.
Die skool het 'n klerebank waar gebruikte klere verkoop word.

### SEUNS: SOMER – KWARTAAL 1 EN 4

| | |
|---|---|
| Lyfband | Swart (geen motief op die lyfband).<br>Geen oordadige gespes nie. |
| Broek | "Tuskies" Chino langbroek. |
| Sokkies | Grys. |
| Skoene | Swart toerygskoene sonder enige motiewe (nie stewels nie).<br>**NB**: Standaarddikte sool.<br>Sole wat swart merke op vloere laat, moet vermy word.<br>Afwykings word slegs op mediese gronde toegelaat. |
| Hemp | Wit oopknoophemp met kort moue met blou skoolwapen.<br>Hemde moet netjies in die broek ingesteek wees.<br>**LET WEL: Slegs 'n wit T-hemp (sonder ontwerp) word onder hemp toegelaat**. |
| Baadjie | Amptelike skoolbaadjie met wapen.<br>Verpligtend tydens saalbyeenkomste. |
| Trui | Langmou skooltrui met wapen. |
| Oortrektrui | Moulose vlootblou trui. |

### SEUNS: WINTER – KWARTAAL 2 EN 3

| | |
|---|---|
| Hemp | Wit langmou dashemde met skooldas |
| Trui | Langmou vlootblou skooltrui met wapen.<br>Gr 12 leerders dra wit truie en oortrektruie. |
| Oortrektrui | Mou-lose navy blou trui, met langmouhemp. |
| Serp | Slegs die amptelike skoolserp mag gedra word.<br>**Das is steeds verpligtend.** |

| | |
|---|---|
| Baadjie | Amptelike baadjie met wapen.<br>Verpligtend tydens saal. |
| Langbroek | "Tuskies" Chino langbroek. |
| Kouse | Grys.. |
| Skoene | Swart ryg-skoene sonder enige patrone of motiewe.<br>NB: Sole standaard-dikte, uitsonderings slegs om mediese redes.<br>Slegs die amptelike skoolmus mag gedra word |
| Mus . | Slegs die amptelike skoolmus mag gedra word. |
| Handskoene | Swart. |

**MEISIES: SOMER – KWARTAAL 1 EN 4**

| | |
|---|---|
| Rok | Amptelike skoolrok, wit kortmouhemp. Lengte: 12 cm bo die knie vanaf grond gemeet as die meisie op haar knieë staan. |
| Langbroeke | Medium grys langbroeke, dieselfde lengte as standaard-langbroeke met netjies-gestikte some. |
| Skoene | Swart toerygskoene of swart skoene met bandjie oor voet. |
| Baadjie | Amptelike skoolbaadjie met wapen.<br>Verpligtend tydens saalbyeenkomste. |
| Trui | Langmou skooltrui met wapen. |
| Sokkies | Kort wit sokkies, sonder logo, motiewe of strepies. Geen "secret socks" nie. |
| Oortrek-trui | Moulose vlootblou trui<br>**Mag sonder baadjie gedra word** |

**MEISIES: WINTER - KWARTAAL 2 EN 3**

| | |
|---|---|
| Rok | Amptelike skoolrok rok en wit langmouhemp. Lengte: 12 cm bo knie as van grond gemeet terwyl dogter op knieë staan.<br>Skooldas. |
| Langbroek | Mediumgrys langbroek. |
| Kouse | Lang swart kouse (nie dik gebrei, wel "winter woollies"). |
| Sokkies | Kort wit sokkies, sonder logo, motiewe of strepies. Geen "secret socks" nie. |
| Skoene | Dieselfde as vir somer. |
| Trui | vlootblou skooltrui met wapen.<br>Gr 12 leerders dra wit truie en oortrektruie. |
| Oortrektrui | Moulose vlootblou trui – saam met langmouhemp. |
| Serp | Slegs die amptelike skoolserp mag gedra word.<br>**Das is steeds verpligtend met serp.** |
| Handskoene | Swart. |
| Baadjie | Amptelike skoolbaadjie met wapen, verpligtend tydens saal. |
| Mus | Slegs die amptelike skoolmus mag gedra word. |

**Nota:** `n Vlootblou skoolbaadjie met blou skoolwapen is verpligtend.

**Nota:** Leerders wat by die jaarlikse prysuitdeling betrokke is, moet die winteruniform aantrek.

Die verskeie sportsoorte het elk hul kenmerkende drag wat tydens wedstryde gedra moet word. Eenvormige skool- of sportdrag moet voor en na wedstryde gedra word.

Skooldrag word gedurende skoolure sowel as gedurende sekere georganiseerde byeenkomste gedra (soos deur die skoolhoof bepaal).

## 12. VERDERE INLIGTING

Die Prospektus het net nodige inligting. U is welkom om die skool vir verdere inligting te kontak of U kan gerus ons webtuiste (www.knysnahigh.co.za) besoek.

## 13. SKOOLLIED

Waar land en see mekaar ontmoet
En berg en bos mekaar begroet,
Word ons met kennis toegerus
En van ons roeping bewus.

Though cultures may well differ
In our school we all are one.
In God we trust to help us all
To always live up to our call

Stabilis Esto
By this we will abide
For this will make us strong
To honour you all along
Knysna High, our school!